KAREL SCHOEMAN
*Verliesfontein*
Human en Rousseau, Kaapstad, 1998.
pp. 246
ISBN 0798138408.
R74-95

Karel Schoeman het sy drie romans *Stemme* afgesluit met die een waaraan hy eerste begin skryf het, naamlik *Verliesfontein*. Die ander romans is *Hierdie Lewe* en *Die uur van die Engel*. *Verliesfontein* is reeds in 1990 begin, maar dit is laat in Desember 1997 eers voltooi en in 1998 deur Human en Rousseau gepubliseer. Die roman handel oor die mense van die dorpie Fouriesfontein in die Kaapkolonie tydens

die inval deur Boerekommando's uit die Vrystaat, tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Schoeman skets eintlik 'n beeld van die mense in Verliesfontein - die gewone saambestaan van mense van verskillende herkoms, godsdiensoortuiging, taal, nasionalisme, ras en stand rondom die eeuwending. Die menseskets vertel hoe hierdie gemeenskap saambestaan het terwyl die Tweede Vryheidsoorlog gewoed het. Ondanks die historiese plasing van die narratief bly hierdie werk primêr 'n roman en daarom behoort dit dienooreenkomstig beoordeel te word.

Die roman begin, ietwat uitgerek, met die beeld van 'n skrywer en 'n fotograaf wat gaan soek het na die monument wat opgerig is vir die jong rebel wat tydens die inval van die Vrystaatse kommando's in die Kaapkolonie in 1900-1, gesterf het. Deur die vertelling in die eerste persoon, gebruik Schoeman die stemme van Alice, die Skotse magistraat, mnr. Macalister, op die dorp, se dogter; Kallie (J.J.K. Kleynhans), die magistraatsklerk en ou miss Godby, 'n ou Engelse dame van Fouriesfontein, om die wisselwerking tussen Engelse ("ons Engelse", soos ou miss Godby na hulle verwys), Bruinmense en Afrikaners in Fouriesfontein te vertel voor, tydens en na die besetting van die Boerekommando's en daarna die Britse garnisoen vroeg in 1901. Hulle vertel die verhaal van jong Giel Fourie, enigste seun van Jakob Fourie, wat pas nadat hy 21-jaar oud geword het, by die Boererebelle aangesluit het gedurende die laaste jare van die oorlog. Giel is doodgeskiet toe die Britse besettingsmagte die beleg deur die Boerekommando aan Fouriesfontein, beëindig het. Hoewel die skrywer gaan soek het na die monument wat deur die ywer van ds. Broodryk, vir Giel opgerig is, het Schoeman nie veel lofprysing vir die hovaardige jong man nie. Sy besoek aan die dorp lewer eerder ander verering op, naamlik vir Adam Balie, die leier van die Kleurlinggemeenskap, wat deur die Boerekommando doodgeskiet is, omdat hy nie inligting aan hulle wou verskaf nie. Deur Kallie en miss Godby se vertellings word dit duidelik dat Afrikaners onderling verdeeld was tydens die oorlog. Giel Fourie en sy welvarende invloedryke familie staan eenkant teenoor die Afrikaners wat neutraal was, soos Kallie, die magistraatsklerk, wat 'n vriend was van Adam Balie en ook nie inligting aan die Boerekommando's kon verstrek nie, omdat hy in diens van die Britse Kroon was. Die vertellers skets ook die onsekerheid wat by die Engelse op die dorp ontstaan het vanweë die dubbele besetting en die verdeling onder die mense van die dorp tydens die oorlog. Die sketse van mense soos Kallie dui op Schoeman se bewussyn van Afrikaners wat anders as "mense van die grond" was, mense wat boeke wou lees en leer en wat nie met die oorlog en die gepaardgaande polarisering kon vereenselwig nie.

Schoeman se uitbeelding van die skakering van mense en hul verhoudinge, lewer 'n kragtige boodskap vir die moderne nuwe millenium Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die vertelling van mense oor hulle belewenis van oorlog en verhoudinge tussen mense van verskillende rasse, klasse en tale, spreek geen oordeel uit nie en kies nie openlik kant nie. Dit plaas net die problemematiek van 1901 weer in die midde van 2000. As historiese roman, is die plasing in tyd en plek en konteks die naaste aan geskiedskrywing. Verder word die persoonsvertellings die letterkundige roman.

Dis 'n boeiende werk. Dit laat mens lank na die lees daarvan nadink oor die mense van Fouriesfontein en die mense van Suid-Afrika vandag. As studente vandag nog gelees het, sou hierdie 'n waardevolle teks wees vir die studie van tussengroepverhoudinge in Suid-Afrika.

Grietjie Verhoef
*Departement Geskiedenis*
RAU
Suid-Afrikaanse Geskiedenis